# Sublieme ambag oor fabels van toe en nou

**Met sy artistieke distansie én stilistiese beheer in *Dol heuning* oorrompel Naudé die leser, skryf Joan Hambidge.**

Kortverhale

**Dol heuning**
S.J. Naudé
UMUZI, R290

In hierdie uitdagende kortverhaalbundel staan daar die volgende woorde opgeteken: "Toe hy 'n slag opkyk, bemerk hy in een van die mure se houtpanele 'n deur. 'n Soort geheime opening waarvan die oppervlak die reliëf voortsit, en sonder 'n handvatsel. Hy gaan druk daarteen en dit klik oop."

En dit is presies wat van die leser verwag word in 'n boek met vele verwysings en toespelings. Jy moet fyn kyk agter die geheime openinge in. In 'n verhaal is daar 'n verwysing na die camera obscura.

Verhale speel in op mekaar met uiteenlopende temas soos rykdom, die soeke na identiteit, die korporatiewe lewe, begeerte, teisterende herinneringe, mense wat verdwyn op ski-vakansie, verskillende kulture wat mekaar nie begryp nie en hoe rykdom jou inperk, eerder as bevry.

Verder word verhale gelaai met subteks en interteks. In 'n liefdesverhaal, "Die wonderwerk", bly 'n man in 'n ryk apartment in New York waar Julia Roberts vertoef. So aktiveer hy die film *Pretty Woman* (1990) en natuurlik ook *La Traviata*. Die leser weet die einde gaan sleg afloop; tog tref die ónafwendbaarheid van alles jou steeds in die maag.

C.G. Jung se *Memories, Dreams, Reflections* (versorg deur Aniela Jaffé) het in 1961 verskyn by Random House. In hierdie besinnings oor die lewe (en dood) word die leser teruggeneem na prosesse wat hier verbeeld word: die psigiese parallelismes én die konneksie tussen ervarings, tussen toe en nou; die sogenaamde *hieros gamos*.

By Naudé kry karakters bykans 'n mitologiese status, soos die moeder-kind-verhouding (skitterend vertolk in "Twee libretto's") of Lev wat die bose word. Die Maria-beeld word geplaas teenoor 'n sterk, aardse moeder in Namibië met die twyfelende Thomas, die seun as waarnemer.

Daar is 'n verwysing na die liggaam van Ötzi, 'n man van 3 300 of wat voor Christus, wat in die vroeë 1990's in die ys gevind is. Iewers tussen Italië en Duitsland en Ötzi dateer van die Kopertyd, maar hy het merkwaardig behoue gebly (181). Dit is 'n bundel van grense en liminaliteite, oorgange van lewe na dood. Ervarings kry telkens simboliese betekenis. Sand wat waai van die Sahara oor na Griekeland en Turkye. Wat deur die atmosfeer opgesuig word en oor die Alpe neersak elke vier, vyf jaar…

So bely die verteller in 'n bykans poëtiese binnespraak die volgende: "Haar drome, raai hy, is van die blinde, abstrakte soort. Visioene van silwerwit lugleegtes, van halfdeurskynende wande, van helder skeure lig, van 'n duisend yskeëls teen die son."




Die boek is simmetries en elke verhaal werk met fyn toespelings en motiewe wat in 'n slot saamgetrek word. 'n Soektog na die self wat dikwels faal: die binne-reis wat eensaamheid en teleurstelling inhou, word in somber verhaal na donker verhaal opgeteken. Die abjekte word gekoppel aan die dood met verwysings na *La Faune des tombeaux* en *La Faune des cadavres* van Jean-Pierre Mégnin en hoe insekte gebruik word om die geskiedenis van kadawers te interpreteer. Belangrike kunswerke is eweneens sleutels soos Caravaggio, wat vergruisde vuurvlieë op sy doeke gesmeer het.

Jeff Koons, Louise Bourgeois, Berlinde De Bruyckere, Ryan McGinley ("The Pied Piper of the Downtown Art World") en Hermann Nitsch se ritualistiese kuns laai die tekste verder met implikasies. Grond, ondergronds, bogrond, agtergrond, barre grond en droogte is woorde wat die leser telkens raaklees.

Jy word hier gedwing om telkemale terug te keer en weer na 'n subtiele, bykans weggesteekte motief te kyk. Onder draai die duiwels bepaald rond.

Klere verraai ook karakters se ingesteldheid: mans in speedo's teenoor vroue in joekatas. Ontwerpersklere word 'n snelskrif om 'n karakter te verstaan. 'n Man met grys hare het geen liggaamshare nie. Waarom?

Jong kinders se argwaan met hul ouers word eweneens goed vertolk.

In "Fawzi al-Junaidi" word ras- en genderdiskoerse geplaas teen die wye doek van politieke onregtighede met skuldgevoelens wat soos bamboese groei. Die twee mans het 'n seun en die ervaring van hierdie pa's (in 'n selfdegeslag-verhouding) word uitgespeel teenoor 'n swart huiswerker en háár seun wat die omgekeerde van wit bevoorregting ervaar. Naamlose, ouerlose seuns kan net in 'n fantasie versorg en beskerm word.

**"Hierdie bundel bewys hoe verkeerd diegene is wat dink die kortverhaal se tyd is verby.**

In "Dol heuning" word misverstande en kultuurstereotipes op hul kop gedraai en in "Wonderwerk" kan jy die hele plattegrond van New York voor jou oë sien tot by Tribeca. Hierdie dramatiese verhaal werk soos installasiekuns; selfs met 'n motor wat in 'n swembad land.

In "die dal van doodskaduwee" word die moderne paranoïese bestaan in Johannesburg met keeltoetrekkende vaart vertel. Geweld met sambokke word later 'n s&m-geweld binne 'n gesofistikeerde omgewing. "Warm kompos" is waarskynlik my gunsteling met sy beelde van ondergrondse vuur wat alles verwoes gekoppel aan sieninge oor die heilige gees en spiritualiteit. "Landskappe met figure" is onvergeetlik ryk geskakeer met 'n verhaal wat soos 'n mini-opera werk.

Soos Valerie Shaw uitwys in haar analise van Tsjechof in *The Short Story: A Critical Introduction* (Longman, 1983) vermy die Rus melodrama in sy distansie. Tog is hy nie onbetrokke as verteller nie. Dieselfde geld Naudé in hierdie verhale met sy artistieke distansie én stilistiese beheer.

Naudé is kortverhaalskrywer en romansier. *Die derde spoel* was 'n uitdagende leeservaring oor verdwene films uit die 1930's en Walter Benjamin. Sy debuut *Alfabet van die voëls*, 'n kortverhaalbundel, was eweneens goed en het sy transkontinentale aanslag ingelui. Naudé is bekroon deur die Akademie vir sy debuut en in 2014 het hy die Jan Rabie/Marjorie Wallace-prys ontvang. Tereg is *Die derde spoel* met die Hertzogprys bekroon.

Hierdie bundel bewys hoe verkeerd diegene is wat dink die kortverhaal se tyd is verby. Verruklik, uitdagend, melancholies; 'n leeservaring wat jou ontstem én begeester.

Dis 'n boek wat die verborge verbande saamsnoer en die fabels van toe en nou interpreteer oor rituele vernederings en bestaanswoede.

Sublieme ambag.

■ **Joan Hambidge** *beklee die Hofmeyr-leerstoel aan die Universiteit van Kaapstad.*

# Nuwe 'Marmite-boek' is vir sommige Bovril

Fiksie

**Grown Ups**
Marian Keyes
PENGUIN, R220




Die Ierse skrywer Marian Keyes het al meer as 39 miljoen boeke wêreldwyd verkoop.

Ná *Watermelon* in 1995 het 'n rits treffers gevolg, soos *Lucy Sullivan is Getting Married*, *Rachel's Holiday* en *Sushi for Beginners*. Sy skroom nie om oor ernstige kwessies, soos mishandeling, alkoholisme en depressie, te skryf nie, maar daar is altyd 'n skeut Ierse humor.

Ná *This Charming Man* in 2008 het Keyes my verloor. Dis asof haar boeke te donker geword het. Nie dat die lewe altyd "joegaai, maatjies!" moet wees nie, maar tog.

Onlangs besluit ek om weer te probeer. *Grown Ups* is Keyes se jongste boek, wat verlede jaar verskyn het, en is 'n topverkoper. Op die voorblad basuin *Daily Telegraph* uit dis "delightful", *Daily Mail* reken dit is "hilarious" en *Observer* sê dis "superb".

Jessie, Cara en Nell is met drie broers getroud, Johnny, Ed en Liam Casey. Jessie is 'n weduwee wat met Johnny se vriend getroud was en ma van vyf kinders – twee ouer kinders uit haar eerste huwelik en drie van haar huwelik met Johnny. Jessie is die eienaar van 'n reeks koswinkels in Ierland en Johnny werk saam met (of is dit vir?) haar.

Cara en Ed, 'n plantkundige, het twee kinders. Cara werk by 'n luukse hotel en dit is vroeg reeds duidelik sy het 'n ernstige selfbeeldprobleem oor haar gewig.

Nell is Liam, 'n pierewaaier- voormalige atleet, se tweede vrou en 'n hele paar jaar jonger as hy. Sy eerste vrou en hul twee kinders woon in Amerika.

Wanneer 'n boek 'n stamboom voor in het en die leser reeds voor bl. 50 self 'n nota moet maak om te weet wie is wie, dan moet jy weet jy gaan moet kophou. En daar lê een van die probleme met die boek. Omdat daar soveel karakters is, is selfs die stewige 633 bladsye nie genoeg om die hoofkarakters te laat groei nie. Ja, daar is van hulle waarvan jy meer hou as ander, maar nie een kruip so ver in jou hart dat jy selfs nog 'n dag nadat jy die boek neersit, aan hulle dink nie.

Dis nie die enigste probleem nie. Die boek begin met 'n proloog: Johnny se verjaardagete, waar daar 'n hele paar geheime uitkom wat almal raak. Die eerste hoofstuk gaan dan terug na ses maande tevore en soos die boek vorder en die familiebyeenkomste bykom, kom die intriges na vore. Teen die einde is daar soveel los drade, jy kan 'n matjie daarmee weef.

Die (Suid-Afrikaanse) Facebookgroep The Good Book Appreciation Society is 'n heerlike plek om by te kuier. Die lesers daar kon nie konsensus bereik oor *Grown Ups* nie. Sommige was gaande daaroor, ander het nie eens klaar gelees nie. Soos iemand spottenderwys gesê het: "*Grown Ups* is die nuwe Marmiteboek", met ander woorde jy gaan óf mal daaroor wees óf dit haat.


Ek sou nie sê ek het *Grown Ups* gehaat nie, maar vir hierdie Marmiteliefhebber was die boek beslis Bovril.

■ **Ilza Roggeband** *is 'n vryskutjoernalis van Melkbosstrand.*

## Profeet góói sy 'nuggets'

Niefiksie

**Leef lig**
Jaco Strydom
LUX VERBI, R200




Voordat jy *Leef lig* lees, is dit belangrik om te weet wie is die man waaroor Neels Jackson op die agterblad skryf: "Jaco Strydom word al meer gesien as 'n profeet na wie se stem geluister moet word."

Stephan Joubert sluit nie net by Jackson aan nie, hy gaan 'n bietjie verder wanneer hy sê Strydom praat nie net profetiese taal nie, maar "hy beliggaam dit ook in sy lewe en in die Echo-gemeenskap".

Volgens Echo Youth se amptelike bladsy is Strydom die leier van Echo Jeugontwikkeling. Hy is nie net 'n gereelde blogger (*Anderkant die doringdraad*) nie, maar ook 'n rubriekskrywer vir verskeie publikasies en meer as 200 van sy artikels en rubrieke het die afgelope dekade in *Beeld*, *Rapport*, *Finesse*, *Kerkbode*, *Maroela Media*, *Taalgenoot* en *Weg* verskyn. Hy is ook die stem agter die podsending *Moeilikheid is ons besigheid*.

Anders as met sy eerste boek, *Confessions oor kerkwees*, reflekteer hy nie 'n rits stories wat reeds verskyn het nie, maar delf in sy leefwyse, wat aansluit by die Echo-motto: "Don't tell them Jesus loves them till you're ready to love them too." Want vir Strydom gaan dit oor die definisie van liefde en volgens Jesus (en Bouwer Bosch) moet liefde wen! Strydom glo net soos Heidi Baker dat "love looks like something".

Dit is nie jou tipiese Christelike goedvoel-boek nie. Inteendeel, Strydom gebruik vyf gewoontes van die vroeë kerk om jou geestelik uit te daag en teen die einde van die boek gaan jy óf met jouself wroeg óf jy gaan vir Strydom kwaad wees omdat hy dit waag om jou gemaksone binne te dring.

Getrou aan 'n Bybelse profeet, steur Strydom hom nie aan populariteit nie. Hy vra reguit: "Ons almal stem saam dat die politici nie hulle werk doen nie, maar doen die kerk haar werk?" Maar hy voer nie 'n oorlog met die leser of die kerk nie, al voel 'n mens plek-plek ongemaklik. Hy nooi eerder die leser om saam met hom in Jesus se voetspore te loop en om nie net die goeie nuus te verkondig nie, maar om, net soos Jesus, die boodskap te word. Om die dinge te doen wat Hy gedoen het – om soos Hy te leef.

Strydom beskryf byvoorbeeld hoe die volgelinge van Jesus in Handelinge 2 en 4 met hul dade Jakobus se woorde beaam het.

Dan steek hy sy hand uit asof hy jou vra om die pad saam met hom te stap: "Hulle wys hoe dit lyk wanneer liefde wen… Jesus het dit gedoen. Die vroeë kerk het dit gedoen. Nou is dit ons beurt."

Strydom skryf nie in jou tipiese dominee-stem nie, sy stem is soos 'n herder s'n – sag. Kom, volg my. Tog, slaan sy *nuggets* soms hard.

■ **Stefaans Coetzee** *is medeskrywer van* Wit Wolf: Die Worcester-bomplanter se storie van bevryding.

## Boek moeilik om neer te sit

Historiese fiksie

**Diep spoor**
Jeanette Stals
PENGUIN, R280




Dis nooit lekker om 'n resensie te skryf waarin 'n boek aan sy hare deur 'n doringbos gesleep word nie.

Dis die dors na iets opwindends wat jou nóg 'n boek laat oopslaan en binnetoe pleit dat jy nie teleurgestel gaan word nie. Daarom dat die openingsin van Jeanette Stals se *Diep spoor* jou in trane wil laat uitbars: "Aasvoëls sit soos uitgroeisels op die kaal takke van 'n dooie boom…"

Is sulke geforseerde beelding 'n aanduiding van wat 400 bladsye lank op jou wag?

*Diep spoor* speel hom in die jare voor die Groot Trek en ten tyde van die Trek af en wentel om die lewe van die dorpsvrou Katrien; Dina, die jong slavin; en Thabisa, die Zoeloe-meisie wat van Shaka se moordbendes vlug.

Nadat Katrien se man in 'n fratsongeluk sterf, trou sy met Stefaans, 'n boer aan die oosgrens: Sy moet plaas toe trek. Dina trek saam. Aan die ander kant van die grens word Thabisa opgeneem as een van die koning se mindere vroue en later as "geskenk" aan 'n indoena gegee.

Die lewe aan die oosgrens is swaar en word moeiliker wanneer Stefaans besluit sy gesin moet by die Trek na groener weivelde aansluit. Thabisa deurleef in dié tyd self vele ontberings. Sy sluit later as diensmeisie by die trekkers aan en beleef saam met hulle die moorddadige aanvalle van Dingaan se impi's.

Die beproewings wat die drie vroue deurmaak, bied die ideale geleentheid vir karakterontwikkeling. Stals gryp dit met albei hande aan. Sy weet goeie karakterontwikkeling beteken nie jou karakters word ánders gemaak as wie hulle is nie, maar dat hulle gedwing word om hulself werklik te leer ken. Die liefde dra daartoe by dat dié vroue behoorlik deurgrond word: Katrien se liefde vir haar man; Thabisa se bewondering vir 'n jong kryger; Dina se hunkering na 'n man soos Stefaans.

Intense en omvangryke navorsing is nodig vir 'n boek soos dié en Stals het nie lyf weggesteek nie. Veral die leefwêreld en denkwyse van 'n Zoeloe-meisie van honderde jare gelede word indrukwekkend weergegee: Stals het moeite gedoen in 'n tyd wanneer "navorsing" dikwels beperk is tot 'n paar uur op die internet.

Historiese fiksie in Afrikaans is skaars en boeke soos dié speel 'n belangrike rol om Suid-Afrika se geskiedenis te bewaar. Dit is daarby nie maklik om lesers 400 bladsye lank te boei nie en 'n mens bewonder Stals se uithouvermoë.

'n Swak openingsin is nie genoeg om 'n sterk roman te kelder nie: Dié boek is boeiend, oortuigend, eg en moeilik om neer te sit nadat jy eers begin lees het. Boeke is duur, maar *Diep spoor* bied waarde vir jou geld.

■ **J.B. Roux** *is 'n vryskutresensent van Riebeek-Wes.*